higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LOODGIETERSWERK
NKR VLAK 2

(12020162)

11 Maart 2020 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

510Q1S2011

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: INLEIDING TOT LOODGIETERSWERK

1.1 Verduidelik die term *vuilwater*. (2)

1.2 Noem DRIE fases of prosesse van die waterkringloop. (3)

1.3. Noem TWEE soorte loodgieterswerk. (2)

1.4 Noem DRIE stadiums van 'n openbare watersuiweringsproses. (3)

1.5 Noem VYF stappe wat gevolg moet word as 'n konstruksie-loodgieter-swerkprojek aangegaan word. (5)

[15]

VRAAG 2: LOODGIETERSWERKBEGINSELS EN -GEBRUIKSKODE

2.1 Noem DRIE voorbeelde van oppervlakwater. (3)

2.2 Verduidelik kortliks die term *wrywingsverlies*. (2)

2.3 Wat is die verskil tussen 'n nasionale standaard en 'n gebruikskode? (2 + 2) (4)

2.4 Verduidelik die term *ontsoutingsaanleg*. (2)

2.5 Noem DRIE redes waarom alle loodgieters die bedryf se gebruikskode moet navolg. (3)

2.6 Waarvoor word SANS 10252 Deel 1 gebruik? (1)

[15]

VRAAG 3: MATERIALE, GEREEDSKAP EN TOERUSTING

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1.1 Afval wat pype verstop, word met 'n plunjer verwyder.

3.1.2 Gegalvaniseerde en oPVC-pype word met 'n krom blikskêr gesny.

3.1.3 Met 'n lugbelwaterpas word getoets of pype nie vertikaal of horisontaal is nie.

3.1.4 Met 'n staalwinkelhaak word getoets of hoeke 90° is.

3.1.5 Dra altyd PBT as daar met 'n guillotine gewerk word.

(5 × 1) (5)

3.2 Teken elk van die volgende koperpyptoebehore:

3.2.1 Moerdraadkompressie-elmboog 90°

3.2.2 Kompressie- gelyke T-stuk

(2 × 1) (2)

3.3 Noem TWEE ander verbruiksmateriale wat nodig is om koperpype aanmekaar te soldeer. (2)

3.4 Wat is 'n afsluitkraan? (1)

[10]

VRAAG 4: WATERPYPMONTERING

4.1 Noem VYF soorte loodgieterswerktoebehore. (5)

4.2 Beskryf die prosedure om twee koperpype met 'n kapillêre toebehoorsel te las. (8)

4.3 Noem TWEE stukke gereedskap waarmee koperpype gesny word. (2)

4.4 Onderskei tussen een- en meerlaag. (2 + 2) (4)

4.5 Noem DRIE maniere waarop enkellaagpype gelas word. (3)

4.6 Skryf elk van die volgende afkortings uit:

4.6.1 MPVC

4.6.2 oPVC

4.6.3 PVC

(3 × 1) (3)

[25]

VRAAG 5: SNY EN LAS VAN METALE

5.1 Noem SES soorte voegskorte. (6)

5.2 Noem TWEE smeltstowwe wat in sweissoldeerwerk gebruik word. (2)

5.3 Wat is 'n elektrode? (2)

[10]

VRAAG 6: UITLÊ VAN ONDERGRONDSE RIOLERINGSTELSELS

6.1	Noem VIER plekke waar loodgieters toegangspunte vir riole maak.		(4)
6.2	Noem TWEE hooffunksies van 'n rioolput.		(2)
6.3	Wat is die maksimumdiepte van 'n inspeksiekamer?		(1)
6.4	Maak 'n onderskeid tussen 'n septiese tenk en 'n stapelriool.	(2 + 2)	(4)
6.5	Teken die simbool vir elk van die volgende:		
	6.5.1 Middellyn (binne)		
	6.5.2 Bodemhoogte		
	6.5.3 Hartlyn		
	6.5.4 Uitgangshoogte		
	6.5.5 Noordpunt	(5 × 1)	(5)
6.6	Beskryf die term *bodemhoogte* kortliks.		(2)
6.7	Noem TWEE soorte grond.		(2)
6.8	Wat is die doel van 'n onderlaag?		(4)
6.9	Wie besit rioolpype?		(1)
			[25]
		TOTAAL:	**100**

Kopiereg voorbehou